Downloaded from Stanmorephysics.com



**KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL**

**SEPTEMBER TOETS 2016**

**EAT - VRAESTEL 2 . LETTERKUNDE .**

**GRAAD : 11** **DATUM : 26/09/2016**

**PUNTE : 35** **TYD : 1uur**

**EKSAMINATRISE : P.SINGH**
**MODERATRISE:A.RAMNATH**

8888888888888888888888888888888888888888888888888888

**Hierdie vraestel bestaan uit ......4...... bladsye .**

**Instruksies :**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 2 Afdelings .
   A - Poësie - Punte - 17
   B - Kortverhaal - Punte 18

2. Beantwoord AL die vrae .

3. Nommer jou antwoord presies soos die vraestel genommer is .

4. Skryf netjies en leesbaar .

**VRAAG 1 - HECTOR PETERSON .**

**Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg .**

**Blaai om vir bladsye 2 ..............**

## Hector P (Soweto 1976)

Ek was neëntien jaar oud toe
Hector gesterf het
Hy was dertien jaar oud met 'n koeël
deur sy lyf
1. Dit was koud in ons voorhuis – op
die sestiende Junie
En die wind het geruk aan die
vlag by die hek

En my pa het gesê:
"Draai tog jou serp om"
Uit die sitkamer voor ons nuwe TV
En dis toe wat ek sien hoe jy val
2. langs jou suster
En my ma sê "kom eet, die
bobotie word koud"

Hector Peterson
Kind met die glimlag
3. Kind van die struggle
Kind van ons grond

Ek was neëntien jaar oud toe ek
sien wat hier aangaan
4. Hy was dertien jaar oud en het
lankal geweet
En my pa skud sy kop vir Soweto
se kinders
Wat márs teen die taal wat hy jare lank
praat

Ek was neëntien jaar oud en
Hector skaars dertien
Ek was veilig verskans teen die
skreeuende waarheid 5.
In die naam van die Heer en die
swakheid van vaders
Wat niks aan die sirkus van
waansin wou doen

Dis weer sestien Junie en ek sien
Hector se foto
Op voorblaaie dwarsoor die land
Hy lê so stil in die arms van 6.
Nbuyisa Mukhubu
Sy vlerke geknip sodat ander kan
vlieg

Hector Peterson –
Kind van die struggle
Kind van ons grond
Kind met die glimlag wat 7.
Grynslag geword het
Dis rooi om jou mond
Dis rooi om jou mond
Dis rooi

**VRAE :**

**1.1 Wie is Hector se vriend ? (1)**

**1.2 "Sy vlerke geknip sodat ander kan vlieg " (strofe 6)**

**1.2.1 Skryf die beeldspraak wat in die bostaande reël verskyn ? (1)**

**1.2.2 Bespreek dit volledig . (1)**

**Blaai om vir Bladsy 3 ............**

1.3. Haal 'n reël van strofe 4 aan wat vir jou sê hoekom hierdie geweld plaasgevind het. (1)
1.4 Hoe was Hector dood ? (1)
1.5 Verduidelik hoekom Hector se ouderdom 3 keer herhaal is .(1)
1.6 Beskryf die atmosfeer daardie dag. (1)
1.7 Skryf die TEMA van die gedig. (1)

1.8 Pas kolom A met B

| A. | B. |
|---|---|
| 1.8.1 Die soort spreker . | A. Hy het gebloei . |
| 1.8.2 Die dag word vandag onthou | B. Sy suster . |
| 1.8.3 Hector was saam met die persoon | C. Apartheid . |
| 1.8.4 Die rooi om sy mond . | D. Ek- Spreker . |
| 1.8.5 Die stryd . | E. Koud en winderig . |
| 1.8.6 Die weer daardie dag . | F. Metafoor . |
| 1.8.7 Sirkus van waansin . | G. Jeug Dag. |

( )

(7)

1.9 Hector het 'n kinderheld geword .
1.9.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR . Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling van 2 agtereenvolgende reëls . (1)
1.9.2 Bespreek die figuurlike betekenis van "koud " .(1)

(17)

VRAAG 2 KORTVERHAAL . SPYKERSKOENE .

VRAE :

2.1 Wat is spykerskoene ? (1)
2.2 Aan watter sport neem Peet deel ? (1)

( )

2.3 Lees die 2 AANHALINGS en beantwoord die vrae wat volg :

1/

> Skielik sien hy iets in die gras langs die water lê . Hy kyk met meer aandag . Dit lyk soos die hoek van 'n tas .Wat sou 'n tas hier maak ?Dit maak hom baie nuuskierig .

2.3.1 Wat het Peet gevind ? (1)
2.3.2 Haal 'n woord van die aanhaling af wat sê hoekom Peet die tas wil oopmaak . (1)
2.3.3 Waarnatoe was Peet op pad ? (1)
2.3.4 Wat het PEET uiteindelik met die tas gedoen ? (1)

Blaai om vir Bladsy 4……

2.3.5 Hoe het die tas daar beland ?(1)

| |
|---|
| Peet is verbaas . Dit klink so avontuurlik ! En hy het gedink hy tel sommer 'n tas op .<br>"Ek het eintlik vir jou kom dankie sê , Peet , "sê die man en hou 'n koevert na Peet , was ek dalk alles kwyt , was al my harde werk dalk daarmee heen ,Ek is jou baie dank verskuldig ." |

2.4.1 Wie is die "ek" in die verhaal . Wees spesifiek . (1)
2.4.2 Hoeveel was in die koevert ? (1)
2.4.3 Wat dink jy sal Peet met die geld doen ? (1)
2.4.4 Waarna verwys die "harde werk " waarna die man praat ? (1)
2.4.5 Dink jy Peet het " die regte ding " met die tas gedoen ?
Sê Ja of Nee en Motiveer in jou eie woorde . (1)
2.4.6 Watter les leer jy uit hierdie kortverhaal ? (1)
2.4.7 Beskryf Peet se persoonlikheid . (1)
3.5 Pas kolom A met kolom B

| A. | B. |
|---|---|
| 3.5.1 Die verteller in die storie | A. Arm |
| 3.5.2 Die klimaks van die storie | B. Sarel |
| 3.5.3 Die gesin se omstandighede | C. derde persoon verteller. |
| 3.5.4 Peet is jaloers op hom . | D. Toe Peet die tas gevind het. |
| | E. Toe die man na Peet se huis toe gekom . |

(4)
(18)

Totaal : 35

HOD - LANGUAGES
S.R. PANDAY

September Toets - 2016

Graad: 11 Punte: 35.

## Afdeling A

### Vraag: 1

1.1. Nbuyisa Mukhubu ✓1

1.2.1. metafoor ✓1

1.2.2. Sy vlerke is geknip beteken hy kan nie vlieg nie (hy is dood maar mense kan nou vlieg en vry wees want hy het vir hulle geveg en gesterf. ✓1

1.3. " wat mars teen 'n taal wat hy jare lank praat." ✓1.

1.4. Hy was doodgeskiet ✓1 (koeël deur sy lyf) ✓1

1.5. Om te beklemtoon hoe jonk en onskuldig hy was. ✓1

1.6. Tens / treurige / somber ✓1.

1.7. Hector Peterson, SA se kinderheld wat sy lewe opgeoffer het. Onskuldige kinders wat in die stryd gesterf het. ✓1
(aanvaar ander antwoorde)

1.8.1. D ✓
1.8.2. G ✓
1.8.3. B ✓
1.8.4. A ✓
1.8.5. C ✓ (7)
1.8.6. E ✓
1.8.7. F ✓

1.9.1. Waar ✓ " Kind van die struggle, kind van ons grond." ✓1

1.9.2. Beklemtoon die koudheid / wreedheid in hulle harte ✓1

Totaal: (17) ✓

# Afdeling A - Poësie

## Vraag 2 Spykerskoene.

2.1. word deur sportmense aan hulle voete gedra om sport te speel/ te hardloop. ✓1

2.2. atletiek/naelloop ✓1 (2)

2.3.1. 'n tas ✓1

2.3.2. 'nuuskierig' ✓1

2.3.3. huis toe ✓1

2.3.4. Hy het dit polisiestasie toe geneem ✓1

2.3.5. Die eienaar van die tas se motor was gesteel. Die motordiewe het die tas uitgegooi en dit het in die rivier beland ✓1 (5)

2.4.1. die eienaar van die tas ✓1

2.4.2. R500 / tien vyftig rand note ✓1

2.4.3. nuwe Spykerskoene koop ✓1

2.4.4. Die verslag van sy navorsingsprojek waarna hy so hard gewerk het, was daar in die tas. Dit was met die motor verdwyn. ✓1

2.4.5. Ja, Hy het die man gehelp / Dit behoort nie aan hom nie / Jy moet eerlik wees. ✓1 (aanvaar ook Nee, met 'n goeie rede)

2.4.6. As jy goed doen, sal goed na jou toe kom. ✓1 (ander antwoorde oor aanvaarbaar)

2.4.7. eerlik / gaaf. ✓1 (7)

2.5.1. C ✓1 2.5.2. E ✓1 2.5.3. A ✓1 2.5.4. B ✓1

Totaal (4)